tary act. See what I have done! I stood up against the Pope, indulgences, and papists, but without violence or tumult. I put forward God's Word; I preached and wrote—this was all I did. And yet while I was asleep, . . . the Word that I had preached overthrew popery, so that neither prince nor emperor has done it so much harm. And yet I did nothing; the Word did all. If I had wished to appeal to force, the whole of Germany perhaps would have been deluged with blood. But what would have been the result?—Ruin and desolation both to body and soul. I therefore kept quiet and left the Word to run through the world alone. Do you know what the devil thinks when he sees men resort to violence to propogate the gospel through the world? Satan says: Ah! how wise these madmen are to play my game."

These utterances of Martin Luther constitute as true religious liberty doctrine as any ever taught. They harmonise perfectly with the command of Jesus: "Render therefore unto Caesar the things which are

Caesar's; and unto God the things that are God's." Had Luther and his followers followed out the principles laid down in the above quotations, history would have told a very different story of the growth of soul freedom in Europe and America from what the record now reveals. They accomplished a great work; but they found the church in unholy wedlock with the state, and left it so. They found souls struggling for freedom of conscience, and they not only refused to help, but forged fetters of their own.

(To be continued)

*Peace, Friendship, Contentment, Independence—a life of usefulness is possible through colporteur evangelism. It helps one to appreciate God's goodness and enables one to live a happier life.* L. A. Vixie.

## TIENDE-BULLETIN No. 5

### Verduistering van die Tiende—'n rede tot berou

"As mense die tiende begin agterhou, beroof hulle die Here . . . en doen hulle hul Skepper te kort. As hierdie sonde van nalatigheid vir hulle duidelik word, is dit nie genoeg dat hulle hul verkeerde gewoontes afbreek en van daardie dag die regte beginsel naleef nie. Dit sal nie in die boeke van die hemel die verduistering van die eiendom wat die Gewer van al die goeie gawe aan u toevertrou het, regmaak nie. Berou oor die ontrou handeling teenoor die Here en vir die snood ondankbaarheid word van u gevra."—*"Testimonies," Vol. 3, bld. 394.*

"Met milde hand het die Here Sy gawe gestrooi. . . . Sal hulle nie na dieselfde mate weergee nie? Strikte eerlikheid teenoor die Here . . . voldoen aan die goddelike eise. . . . Onthou as u die Here in tiende en offerande berowe het, staan dit in die boeke van die hemel opgeteken.

"Laat die wat verkeerd gedaan het, deur volledige teruggawe bewys lewer dat hulle berou het oor die kwaad. Laat hulle in hul verder lewe die bewys lewer dat hulle opreg bekeer is, en hulle sal seker die vrede van die hemel geniet."—*"Eastern Tidings," Des. 1916.*

### OP BELYDENIS VOLG TERUGGAWE

"Twee weke lank is daar nou twee keer per dag in die Tabernakel diens gehou. Die boodskap wat daar verkondig is, het die harte geroer. Dié regte getuïenisse is gegee. Ek dank die Here vir die goeie werk. Ons het ook spesiale dienste gehou. Hierdie gemeente is groot. Die laaste Sabbat van die ou jaar het ons in die namiddag 'n bidstond gehou en die gelowiges genooi om belydenis te doen as hulle so voel. Ons het in die konsistoriekamer ingestap en toe elkeen 'n geleentheid gegee. Die onderwerp was Mal. 3: 8-10: "Kan 'n mens God beroof?" Op hierdie punt het baie belydenis gedaan.

"Party was nie eerlik met hul medemense nie. Hulle het hul sonde bely en vergoeding gedaan. In die loop van die week het die wat nie eerlik teenoor God was nie en by wie daar dus 'n verwydering ontstaan het, begin terugbring wat hulle agtergehou het. Een broeder het in géén twee jaar sy tiende betaal nie. Hy gee toe aan die sekretaris van die Konferensie sy tjek vir \$571.50,—die bedrag van die tiende plus die interes oor die twee jaar. Ek dank die Here dat hy die moed gehad het om dit te doen. 'n Ander broeder het sy tjek vir \$300 gegee. Weer 'n broeder het so ver van die Here afgedwaal dat ons min hoop gehad het dat hy sy voete ooit weer op die pad van geregtigheid sou sit. Hy het 'n tjek van \$1,000 ingegee. Toe is voorgestel dat ons hierdie lank agtergehoue tiende en offerande sou bestee aan die Midde-Europese Sendingveld. Saam met die Krismisgawe is daar deur die tesourier van hierdie gemeente amper \$6,000 vir die Sending ontvang."—*"Testimonies," Vol V, bld. 644.*

(Word vervolg)

# Oes Insameling Veldtog

1 JULIE TOT 12 AUGUSTUS

## Jou Vry Tyd

F. E. POTTER

Vry tyd! Is dit denkbaar dat 'n Christen so iets as vry tyd sou hê in so 'n krisis waarin die wêreld vandag verkeer? Ons is dan in die laaste tonele van die grote stryd tussen Christus en Satan. Die magte van Prins Emmanuël gaan netnou 'n heerlike oorwinning behaal. Hoe kan dit dan wees dat iemand van "die goeie krygsmanne van Jesus Christus" ledig op die mark sou staan?

"Die lewe van die ware Christen bestaan uit 'n aanhoudende diens."—*"Test," Vol. IX, bld. 220.* Die komende Oesinsameling is maar 'n onderdeel van hierdie diens tot bevordering van die saak van die Here en die win van siele sowel as tot seën en versterking van ons eie geestelike lewe.

"Die wet van die liefde eis toewyding van liggaam, siel en gees aan die diens van die Here en van ons medemens. Hierdie diens maak ons tot seën vir ander en bring ons die grootste seën."—*"Education," bld. 16.*

"Die krag om die kwaad te weerstaan word die beste in aggressiewe diens verkry."—*"Acts of the Apostles," bld. 105.*

Die trompette van die hemel blaas netnou die oproep om "in die gelid te staan." Netnou staan ons klaar vir die laaste groot aanval. Dit vra van ons die laaste grein geloof, moed en vertroue en 'n volharding tot op die hoogste graad.

Die Heilige Skrif het dit alles voorsien en die lopende geskiedenis van ons dae bevestig dit dat die gewigtige uur naby is. Ons moet aandoen "die hele wapenrusting van God" en "die eerste werke" doen; ons moet "na die diep water" uitvaar vir diens; ons moet "gemeenskap hê aan die lyde van Christus," ons moet "ingetoë en nugter wees;" ons moet "ons gesig rig om na die nuwe Jerusalem te reis;" ons moet "getrou wees tot die dood toe."

Dis wat die hemel in hierdie betekenisvolle uur van ons verwag. Minder as dit sal nooit doen nie. "Die wat bang is en bewes, kan teruggaan en wegdraai van die gebergte van Gilead af." Rigters 7:3. Nou word ons by die wal van die rivier getoets. Wie het ons op die oog, die Here of onself?

Broeders, ons het geen ekskuus om terug te staan nie. Geen tyd is nie 'n ekskuus nie. Ons het vier-en-twintig ure in die dag—net soveel as ander mense. Geen gawe is ook nie 'n ekskuus nie. Die Here gee vir elke mens sy gawe. Geen mag is nie 'n ekskuus nie. "Aan My is gegee alle mag in hemel en op aarde" sê Christus, en ons is "volkome in Hom." Geen lus is nie 'n ekskuus nie. "Want dit is God Wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na Sy welbehag."

Ons verkeer in die gewigtigste uur van die wêreldgeskiedenis. Die nasies maak hul klaar vir die laaste stryd en dis hulle erns—iedereen staan klaar om alles vir die eer van sy land en volk op te offer.

En is dit ons erns? Word dieselfde ofervaarigheid onder ons gesien? Staan elkeen van ons klaar om alles vir ons Here en Koning op te offer? Sal ons ons ge-

trouheid en liefde wys deur alles wat in ons vermoë is, te doen, elkeen in besonder, in die komende insamelingveldtog? Vra dit uself af, broeder, susters u gaan nie terugstaan nie, gaan u?

Die Here wil nie ons vry tyd nie. Hy vra die tyd wat ons moeilik kan afstaan. Selfopoffering is die reukwerk voor Hom. Wat alles vir u en my opgeoffer het.

## Oorwinning deur baie of deur min

J. I. ROBISON

"WANT vir die Here is daar geen verhin-dering om deur baie of deur min te verlos nie." 1 Sam. 14:6. Met hierdie woorde wys Jónatan vir die dienaar wat sy wapens dra, die moed en vertroue wat hy as Godsmán in die beweging waar die Here mee saamgaan, gehad het. Die getal tel nie, die duister magte wat teenstaan, kannie die beweging omver werp, as die Here daar in is nie.

En die antwoord van die jonge man is 'n heerlike voorbeeld van vertroue in die leiding van sy meester: "Toe sê sy wapendraer vir hom: Doen alles wat in u hart is, maak soos u wil; hier is ek by u volgens die wens van u hart." Vers 7. Hy het klaargestaan om sy meester te volg tot in die doodtoe. Maar eers het hulle met die Here raadgepleeg om te weet wat hulle moes doen. En die Here het hulle 'n teken gegee, en met die teken die oorwinning. Twee toegewyde mense, een van hulle nog bloedjong, het in die krag van God geglo om hulle te help, en hulle het onvoorwaardelik gevolg en die hele leër van Israël van sy vyande verlos.

Ons kan algar, jong en oud, die versekering hê dat die Here ons in die grote werk wat ons doen, die oorwinning sal gee as ons met vertroue Sy aanwysings volg.

Hier is 'n nuwe geleentheid—die jaarlikse Oes Insameling Veldtog. Ons mag soos Jónatan en sy wapendraer lelike rotse van besware voor ons sien. Ons mag let op die getal, hoe min mense ons is. Maar "vir die Here is daar geen verhin-dering om deur baie of deur min te verlos nie." En die Here roep vandag die Jónatans en die moedige jeugdige helpers wat sal sê: "hier is ek by u volgens die wens van u hart." Die pad was nie maklik nie: "En Jónatan het op sy hande en voete uitgeklim, en sy wapendraer agter hom aan." Die Here vra sterk leiers en jong manne en vroue wat gewillig volg en klaarstaan om dit swaar te kry as dit moet in die groot taak wat voorlê.

Dit het ons moed gegee om te sien hoe ons gemeentede, jong en oud, die laaste jare die Insameling vir die Sending aangepak het. Ons owerste Leidsman verwag dat ons voréntoe sal druk. En ons vertrou dat honderde Sendingvrywilligers hierdie jaar sal opstaan en sê: "hier is ek by u." Dan sal ook die oorwinning in 1933 groter as ooit tevore wees. Die Here kan werklik "deur min" verlos, maar Hy roep hierdie jaar "baie" in Sy diens. En mag dit van hierdie jaar se veldtog gesê word:

"Die Here het die woord gegee—die wat die goeie tyding gebring het, was 'n groot skare." Ps. 68:12.

## Doopdiens te Bethlehem

WENTZEL COWPER

IN teenwoordigheid van een duisend toeskouers het twee-en-dertig siele op Sondag die 21ste Mei te Bethlehem in die stede-like swembad die heilige Doop ontvang. Lank voordat die diens sou begin, was die groot tribune vol toeskouers.

Onder die sing van "Nader My God tot U" het die dopelinge hul plek eenkant ingeneem. Baie mense was aangedaan en onder hulle was daar wat gedink het aan die dag toe hulle 'n verbond met die Here gemaak het.

Na die gebed stap Ouderling Raubenheimer na 'n groot kaart waarop hy die vernaamste punte van hierdie boodskap aangeteken het, en begin toe in kort die groot onderwerpe soos "die Tweede Koms," "n Volk onder die Oordeel," "die Seël van God," "die Heilige Doop" en anderes aan te stip. Die Chautauqua vergaderings van die verlede het weer in die herinnering van baie mense opgekom toe honderde van die wat nou daar was, onder die invloed van die Gees van God gekom het. Weer hoor hulle nou die boodskap en opnuut pleit die Gees met hulle. Daar was in die hele groot vergadering nie 'n teken van 'n glimlag of 'n grap nie.

Toe stap Ouderling Raubenheimer die water in en onderwyl die gemeente saggies en lieflik die bekende doopliedere sing, is vier-en-twintig vroue en ag manne in die water begrawe en het hulle opgestaan om in 'n nuwe lewe te wandel. Rom. 6:3, 4.

Wonderlik, daardie badwater het gekom van 'n spruit met die naam "die Jordaan." En ons het gedink aan Johannes die Doper en aan die woorde van Jesus: "Want Ek het julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen." Johs. 13:15.

Nie ver van Bethlehem nie, is daar op dieselfde dag ook 'n doopdiens gehou en dieselfde getal vroue en manne gedoopt. En die volgende Sabbat is in albei die gemeentes aan hierdie dierbaar siele "die regterhand van gemeenskap gegee. Gal. 2:9.

Een van die dae sal die laaste uitnodiging gedaan word en ons die laaste doopdiens hou. En mag dit ons voorreg wees om in daardie heerlike dag van oorwinning ook hierdie dierbaar siele te ontmoet in die koninkryk van die Vader.

## Ou mense betaal getrou hul tiende

(Vervolg van bld. 7)

genoeg as hulle iets vir die bou van die kapel wou gee. Maar niks het hulle daarvan kon afbring nie, hulle was onwankelbaar oortuig dat hulle die Here Sy deel behoort te gee. Toe begin die mense hulle uit te lag en te sê: "Watter soort godsdienis is dit dat die betaal van tiende dierbaarder is as die lewe?"

MEVR. ESPERANZA TORTAL.

## Ervarings as gevolg van die getrou betaal van die tiende

Ouderling Frederick Griggs, President van die Ver Ooste-Divisie, vertel die volgende ervarings om te bewys dat die beloftes van die Here op die betaling van 'n getrou tiende vervul word.

### 'n Belofte aan tiende-betalers vervul

"Ek sal ook die sprinkaan van julle afweer, sodat hy die opbrings van jul grond nie sal verwoes nie." Mal. 3:11.

Hierdie ware gebeurtenis het in Suidelike Negros plaasgevind toe groot swerme van sprinkane die hele oes in daardie deel van die eiland verniel het. Die suikerriet op die land van 'n seker suster is op 'n wonderlike manier bevryd gebly van hierdie vraatsugtige insekte, die verskriklike vyand van die boer. En dit omdat sy getrou was in die betaal van haar tiende. Haar man is nie 'n gelowige nie, maar stem saam met haar om van sy inkomste die tiende te gee.

Toe die groot swerme sprinkane die lande met suikerriet in daardie streek aanval, was die hele bevolking deur skrik bevange. Die insekte het die son verduister. Terwyl die mense op stukkende oliekanne slaan om met die geraas die sprinkane te verja, het ons suster midde in die land neergekniel en met die Here op Sy belofte gepleit om haar suikerriet op die plek te red. Daarna het sy huistoe gegaan en die Here vertrou.

Die volgende more gaan die suster haar suikerriet plantasie bekijk en kry nie 'n enkele stengel wat vernietig was nie, terwyl die lande van haar bure gedurende die nag kaalgevreet is. Die mense het hulle daarvoor verwonder en party sê toe dat sy 'n toormiddel teen die sprinkane besit, en party dat sy 'n *Panigalap* d.i. 'n soort bonatuurlike beskerming in haar land gesit het. Maar toe vertel die suster vir hulle dat sy die Here getrou haar tiende gee en sê sy: "Dit is die rede waarom die Here vir my suikerplantasie gesorg het." Sy haal toe die teks uit Maleagi aan: "Ek sal ook die sprinkaan van julle afweer."

R. B. CAHILL.

### Ervarings in die Oes-Visiaanse Sending

U SAL seker belangstel in 'n brief wat Broeder Yorac stuur. Hy hou dienste veral oor die betaal van tiende en offerande. Hy skryf dat die gemeente haar bes doen om daarin getrou te wees. Volgens Broeder Yorac kan die tiende en offerande verdubbel word. Hy noem twee ervarings.

'n Broeder het getuienis afgelê dat wurms sy oes begin verwoes het. Hy het die Here ernstig gesoek en die tiende betaal. Die daaropvolgende week stuur die Here die rooi miere in die koringlande in. Die miere het die laaste wurm vernietig en die oes was veilig omdat hy getrou die tiende betaal het.

'n Ander broeder het onder vreemde mense gewoon. Hul oes is binne veertien dae deur voëls opgeëet; maar sy land het vrygekom, omdat hy getrou die tiende betaal het. Dit het 'n diepe indruk op die mense gemaak. Verder skryf hy: "Die epidemie het baie lewens in hierdie stad gevra en ook die woninge van ons gelo-

wiges besoek. Dag en nag was ek besig om te doen wat ek kan. Toe ek my Bybel oopmaak, sien ek dat ons besoek word vanweë ons ongetrouheid in ons rentmeesterskap. Ons het ons opnuut aan die Here gegee en getrou die tiende begin betaal. Na die gebed is die sieke beter geword. 'Sy goedertierenheid is tot in ewigheid.' Die broeders doen hul bes en betaal hul tiendes. Ons is nou vry van die vloek en die seën rus op die gemeente."

W. B. RIFFEL.

### Getrouheid in tiende en offerande beloon

'n Arme suster van die gemeente Ilog vertel hoe die Here haar vissery oorvloedig geseën het. Omdat sy getrou was in die betaal van die tiende en offerande, het daar elke dag meer vis in haar nette gekom. Partykeer verkoop sy soveel as vyftig pesos se waarde aan vis, partykeer meer as een honderd pesos. ('n peso is 'n Spaans-Amerikaanse dollar of 4/6.) Lukas 16:10 sê al te duidelik: "Hy wat getrou is in die minste, is ook in die grote getrou." Dus as ons getrou rentmeesters oor aardse goedere is, sal ons ook met die hemelse skatte van die ewige lewe vertrou word.

By 'n huisbesoek in die gemeente van La Castellana vra ek na die Christelike ervaring. Hulle vertel my toe hoe wonderlik die Here hulle geseën het. Voor hulle Sewende-dag Adventiste geword het, was hulle straatarm en kon nouliks hul kos verdien. Die man het water aangedra en die vrou eenvoudig niks gedoen nie en ledig gesit. Hulle konnie lees of skryf nie. Maar toe hulle die waarheid aanneem, het hulle binne 'n jaar hul Bybel en hul gesangboek kan lees en hul name kan teken en die bedrag van hul tiende en offerande op die koevert skryf. Omdat hulle getrou hul tiende en offerande betaal, het ook baie meer mense hulle kom vra om die water aan te dra. Binne twee jaar het hulle 'n paar honderd pesos gespaar en daarmee 'n stuk land met palaybome gekoop. En die Here het hul oes jaar na jaar geseën sodat hulle nou heel wat land en honderde bome besit. Hulle staan daarop om hul tiende en offerande getrou te betaal en sodoende die korns van die Here te verhaas. PEDRO R. DIAZ.

### Verder Ervarings

Toe ek die distrikvergaderings in Wes Visaya bywoon, het ons geluister na baie bemoedigende getuienisse aangaande seënninge as gevolg van getrouheid in die betaal van tiende. 'n Jong, welopgevoede man vertel: "Toe die waarheid my kry, het ek in die suikervelde van Negros teen 100 pesos per maand gewerk. Ek het geweet dat ek my werk sou verloor, sodra ek sou gedoop word. My familieledes was van my afhanklik en was gedetermineer dat ek nooit sou gedoop word nie. Na die doop het ek my ontslag gekry. Met

baie klein kapitaal het ek 'n besigheid begin. Maar dit wou nie vlot nie. Ons familie vervolg my en probeer of ek nie na my ou werk wou teruggaan nie en die wet van die Here oortree. In daardie dae het ons nie bepaald getrou gewees in die betaal van tiende nie. Die besigheid het al slegter geword en ook die kinders was dikwels siek.

"Ons kon nie so bly aangaan nie, dus praat ek een dag met my vrou en ons besluit om die Here op Sy woord te glo. Ons het noukeurig aantekening van ons besigheid begin hou en 'n vol tiende begin betaal. Van die dag af het daar verandering gekom. Ons besigheid het vorentoe gegaan. Ondanks die swaar tye doen ons altyd besigheid en ons leef beter en makliker as toe ons in die suikervelde gewerk het. W. H. BERGERM.

### Uit Korea

'n Riksjadrywer het dit maar swaar gekry. Ook was hy straatarm. Hy besluit darem om meer getrou in die betaal van die tiende te wees. Hy maak toe 'n dosie wat nie maklik oopgemaak kan word nie. Elke aand gooi hy daarin sy paarsen, die tiende op sy verdienste van die dag. Toe hy later wegtrek en die gemeente verlaat, het hy dit na die werker gebring en hom dit laat oopmaak. Daar was 3.24 Yen aan tiende in. ('n Yen is 'n Japanse dollar.)

### Toe die varke trek, kom kom die tiende in

In die Noordelike Luzon was 'n broeder nie getrou in die betaal van tiende nie en dit het met sy besigheid sleggegaan. Toe hy tot inkeer kom en besluit om voortaan getrou te wees, verkoop hy al sy varke en betaal die tiende. Van daardie dag af het die Here hom geseën, eers deurdat hy van onrein diere verlos is en daarna dat hy getrou sy tiende begin te betaal.

R. R. FIGUERA.

### Ou mense betaal getrou hul tiende

As gevolg van die getroue prediking is daar in die gemeente Colivo, Capiz in die Filippyne, mense wat hul verpligtings teenoor die Here getrou nakom.

Een Sabbat het die broeders 'n paar ou mense van in die tagtig jaar die stoep van die kerk opgehelp. Hulle wou die Sabbat-skool bywoon. Ons was verwonderd daarvoor, maar meer nog toe hulle honderd pesos as hul tiende aan die tesourier oorhandig. Hierdie ou mense word deur hul kindere onderhou en van alles wat hulle ontvang gee hulle getrou die tiende, want hulle wil eerlik wees teenoor die Here. Om dus hul skuld teenoor die Meester te betaal het hulle belowe dat as hulle hul stukkies grond kon verkoop, hulle al hul tiende sou betaal. Die grond is vir een honderd pesos verkoop, net genoeg vir die tiende wat hulle skuld. Baie het met hulle gepraat om dit nie te gee nie, maar dit self te hou, omdat hulle so arm en hoog bepaard was. Sels die kinders het gesê hulle doen

(Vervolg op blad. 6)

## The Southern African Division Outlook

Published semi-monthly by the  
General Conference of Seventh-day Adventists  
(Southern African Division)  
Subscription price, 2/6 per annum  
Advertisements: 6d per line (minimum 3/-)

A. FLOYD TARR ..... Editor  
J. I. ROBISON ..... Assist. Editor  
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS  
J. F. Wright ..... President.  
A. E. Nelson ..... Treas. and Auditor  
A. F. Tarr ..... Secy. and S. S. Secy.  
A. N. Tonge ..... Medical Secy.  
M. P. Robison ..... Ed. and M. V. Secy.  
L. A. Vixie ..... H. M. and Field Miss. Secy.  
J. I. Robison ..... Religious Liberty Secy.

### News Items

WORD reached the Division office by telegram, informing us that Brother Charles Sparrow has had to undergo a serious operation. Many prayers have been offered for him since receiving this word and we hope for him a speedy recovery.

Elder W. H. Hurlow has now moved to Port Elizabeth where he will work in the interests of the church as well as conducting an effort at Uitenhage a little later. Brother Hurlow has rendered excellent service the last two years in the Peninsula. He will be missed by the members in this section of the conference.

Mrs. C. Robinson has just been called to the Cape due to the illness of her son Allan. We are pleased to report at this writing that Allan is improving, but will not be able to continue his school work at the college. He will doubtless return with his mother to their home at Lower Gwelo Mission as soon as he is able to travel.

After spending a very profitable furlough here at the Cape and Helderberg College, Brother J. Gnutzmann and family sailed June 5 for Angola. They are returning to resume work at the Bongo Mission.

Brother L. A. Vixie is making a good recovery from his recent automobile accident and hopes to be back in the harness again soon.

Brother C. Conard, one of the General Conference auditors, has arrived in Africa from India. He is at present in Bulawayo with Elder Nelson. They will reach the Division office about the 18th of June. Due to Brother Conard's long experience in the work, he will be able to give us some very helpful counsel pertaining to our financial problems.

Miss Daisy Ingle will arrive in Cape Town the 15th of June to connect with the Plumstead Nursing Home.

Elder A. F. Tarr sends the cheering word that the camp-meeting season has opened in an encouraging way in South Nyasaland. The attendance at the first meeting was around 4,000.

### Obituaries

SPARROW.—Rae Winston Sparrow was born May 15, 1920 and passed away peacefully April 19, 1933 at Malamulo Mission, Nyasaland. He was ill but a few days and his death was due to cerebral malaria fever. The best medical skill was available in his behalf, but without avail. The two doctors who attended him, agree that his untimely death was due to a condition that had developed since he had rheumatic fever in the United States. It seems some dead corpuscles, or some growth in the heart was shaken loose by the temperature and floated along in the blood stream until it lodged in the brain. This brought on a paralytic condition, which together with the fever caused his death.

Our hearts go out in tenderest sympathy to the family of our dear Brother and Sister Sparrow at this time. We once more assure them of our prayers and compassion and commit them to the arms and sympathy of the blessed Saviour who knows why this sad experience has been permitted to come to them. He alone can sustain them in this hour of sorrow.

Elder G. R. Nash and Dr. G. Marcus, together with the other workers at Malamulo, did all they could to help and comfort the family at the time of Rae's death and burial. The body was laid to rest in the Malamulo cemetery beside the graves of Elders Pond and Watson to await the early call of the Life-giver.

This is the second such sacrifice that Elder Sparrow and wife have made in the mission field. Their eldest daughter rests in the quiet cemetery at Solusi. Had she lived, she would have been fifteen years of age at this time. But even so, Brother Sparrow writes to say, "Our courage is good and we have faith and trust to believe that we shall be meeting Rae very soon in the resurrection morning. We must be there! O, may it be soon!" Yes, and we as fellow workers with Brother Sparrow and wife in this blessed cause can join in saying, "Lord, quickly hasten that time when these seasons of sorrow and heartache shall be no more."

J. F. WRIGHT.

FOURIE.—Broeder Philip Rudolf Fourie is na 'n lange siekbed op die tweede Mei sag in Christus ontslape. Hy was in 1854 op die plaas Tradouw, Heidelberg, Kaap-Kolonie gebore. In 1928 het hy gedurende die poging te Vryheid die waarheid aangeneem. Hy laat 'n weduwee en 'n ryke kroos van kinders en kindskinders na wat sy heengaan betreur. Geduld en stille vertroue tot op die laaste oomblik het ons broeder gekenmerk. Woorde van troos vir die gelowige aangaande die spoedige wederkoms van Christus en die opstanding van die regverdige is deur die skrywer by die begrafnis uitgespreek.

J. J. BIRKENSTOCK.

TITUS.—Our dear blind Brother Titus passed away on May 19 at his home at Woltemade, after a short illness. Brother Titus first accepted this truth some years ago at Worcester, under the labours of Elder D. C. Theunissen and then came to Cape Town, where he has resided ever since. He was faithful to the truth to the day of his death and was a zealous worker until he became too feeble. He used to tap his way from door to door, and by his

earnest prayers and labours brought the truth to many, and was a source of strength to the church. We laid him to rest in our church lot at cemetery no. 3 there to await the life-giver's call to His dear saints that sleep in the dust. Words of comfort, based on Rev. 14:13 were spoken by the writer, who was assisted at the graveside by Brother Geitzmann. A representative company from all of our churches in the Peninsula were present.

D. J. MAY.

### Change of Address

WORD has been received from Brother Bozarth that the present office address of the Congo Union Mission, which is the name given to the combined Central African Union and Congo Union fields is:

Congo Union of Seventh-day Adventists,  
Gitwe, Ruanda,  
P.O. Usumbura, Urundi,  
via Elizabethville,  
Congo Belge.

### Wanted

WANTED, by brother who has lost position through accepting the truth, work, preferably on farm or share basis; experienced cattle and general farming.—Apply, F. G. Clifford, P.O. Box 468, Bloemfontein.

### An Example of Faithfulness in Tithe Paying in Korea

A BROTHER, ricksha-puller, had a hard lot. He was very poor. However, he decided to serve the Lord more faithfully and to pay his tithe. So he made a little box that could not easily be opened. Into this box he put his few sen every night representing the tithe on his earnings of the day. Later, when this brother moved, as he was leaving the community he brought the box to the mission worker. When it was opened it was found to contain Yen 3.20 of tithe.—*The Chosen "Church Compass."*

### Pigs Went — Tithing Came

A CERTAIN brother in the Northern Luzon Mission was not faithful in tithe and was very unfortunate in his business ventures. After thinking over his sad situation and condition he decided that he would be faithful, so he sold off all his pigs and gave a tithe to the Lord. Since then he has been tithing and the Lord has been richly blessing him. We told him that the Lord must have given a double blessing, first, for selling off his pigs and getting rid of those unclean animals, and second, for being faithful in tithing.

R. R. FIGUER.

"OUR neighbour is everyone who needs our help. Our neighbour is every soul who is wounded and bruised by the adversary. Our neighbour is everyone who is the property of God."—E. G. White.